

Wenke En Ditjies En Datjies.

Aambeie

- Eet baie rosyntjies - dit is goed vir iemand wat aan aambeie ly.
- Maak 'n salf van 'n koekie blousel en 'n botteltjie Vaseline en smeer aan.
- Neem so 1 of 2 maal per dag 'n mespunt salpeter in 1 eetlepel melk.
- Soggens as jy was maak seker dat jy eers jou hande en dan jou gesig afdroog.
- Nadat jy gebad of gestort het, droog heel eerste jou hande goed af sodat dit so droog moontlik is. Droog daarna die res van jou lyf af. Die aambeie verdwyn vinnig en nadat dit verdwyn het moet jy hierdie ritueel aanhou doen - veral as jy baie sukkel met aambeie. Probeer om dit 'n gewoonte te maak om jouself so af te droog. As jy die ritueel gelowig volg sal jy nooit weer probleme met aambeie hê nie.
- Trek 1 eetlepel koljander in kookwater en drink soos tee 3 maal per dag na etes 'n kelkie vol.
- Trek rabarberbas in kookwater en dan kan jy 2 of 3 maal per dag daarvan drink.
- Voeg 5 druppels skoonteer op 1 eetlepel melk en drink dit elke aand met slapenstyd.
- Gebruik vars botter en die geel van eier deurmekaar gebrui in 'n pan en deur 'n doek gedruk, om mee te smeer.
- Kattekruie op brandewyn getrek. Drink saans 'n sopie, is goed vir inwendige aambeie, veral as dit die maag kwel, haar lemmer olie is ook goed vir die lewer. Of jy kan 'n bietjie aansmeer.
- Sit 10 druppels swawelbalsem in melk en drink dit 3 keer per dag - dit werk gou.
- Trek tiemie soos tee en drink soggens en saans 'n wynkelkie vol. Maak seker dat jy baie groente eet en gaan stap elke dag vir so 'n halfuur.
- Wat werk is: Jy sluk elke dag 'n heel huisie knoffel - maak hom skoon en sluk hom net so. Dit is 'n ou boereraat maar dit werk!
- Neem 'n stukkie van 'n vars knoffelhuisie, doop dit in 'n bietjie vaseline en druk dit in die anus in. Knyp dit vir so 'n paar minute vas en verwyder. Dit klink erg, maar dit WERK!
- Gooi half pakkie naeltjies in bottel water wat net begin kook laat staan om te trek drink kelkie wanneer nodig.
- Jy kan kamfer blokkies gemeng met Vaseline en vloeibare paraffien gebruik vir die aambeie. Dit werk wonderlik.
- Kry kamfer blokkie by die apteek (baie goedkoop). Krummel dit in bietjie Vaseline (hoe meer jy in gooi, hoe sterker is dit). Smeer aan en na paar dae is alles weg - kamfer krimp dit. Meng bietjie in 'n pille botteltjie of klein houertjie.
- Gehoor as jy gewone Zambuk salf aansit, verdwyn die aambeie binne dae en kom nooit weer terug nie. Zambuk is goedkoop.
- Koop 2 potjies Zambuk salf. Merk hulle net, asseblief! Die een potjie gebruik jy om die salf direk aan die aambeie te smeer. Die ander een eet jy, 'n mespuntjie soggens en saans.
- Hierdie is 'n raat wat 'n paar jare op die Radio was. Breek elke oggend 'n stukkie (dis nou 'n plant) "Skoon Moeder se tong" af en kou dit, dis nie gevaarlik en is effektief.
- As jy kwaai ly aan aambeie wat baie pyn en brand dan moet jy 1 lepel roumelk of rou bies neem en 80 druppels harlemensis daarop drup en dit drink en so bietjie gaan lê. As jy daarby hardlywig is dan moet jy saans as jy gaan slaap 1 dessertlepel bitter kaskara drink. Indien dit nodig is drink die volgende dag 7 druppels daarvan voor elke ete.
- Maal 'n stukkie harpui... die soort wat hulle gebruik om viool mee te speel en aluin saam. Soda dit fyn is en goed gemeng is dan sit jy so 'n mespunt vol op jou tong en sluk weg met water. Doen dit 2 keer per week en die aambeie sal verdwyn.
- Neem groenamara blare en sit in glas of erdekastrol en gooi 1 bottel kookwater daaroor. Laat dit goed trek tot donkergroen en suig dan deur en gooi die water in 'n bottel en voeg 1 klein botteltjie lewens essens by en skud die bottel goed om te meng. Drink elke more op jou nugter maag 'n goeie mond vol. Dit is 'n lakseermiddel maar as dit te kwaai werk moet jy net die dosis verklein.
- Jy sal dit dalk nie glo nie. Ouma het 'n windbuks patroontjie in 'n knoffelhuisie gedruk en ouboet moes dit afgesluk met water. Na 2 weke se behandeling was en is die aambeie weg.
- Jy by die apteek "SPA" pilletjies (sulke groenetjies) wat die reuk (stink) wegvat. Dit vat in elk geval enige reuk weg - as mens oordadig sweet help dit sommer vir dit ook. Party mense sukkel met winde - dit help sommer vir dit ook - maak dit reukloos (vir die wis en die onwis)

- Vir ma se aambeie het die volgende produk met groot welslae gewerk. Jy koop dit by die apteek, dit is van die Natura maak (homeopatiiese druppels), die goed se naam is Haemarrho no 2, drup 10 druppels 2 - 3 keer per dag op jou tong, en kry vinnige verligting.
- Meng 1 X blikkie kondensmelk met 1 botteltjie Turlington en drink 1 eetlepel op nugter maag - dis vir inwendig. Vat watte met skoon Turlington en hou dit vir 1 minuut op uitwendige aambeie - dit sal brand, maar jy sien letterlik hoe trek dit terug.
- Smeer 'n klein bietjie wit Colgate tandepasta aan, dit brand in die begin 'n klein bietjie, en toe het sy bietjie vaseline bygesit. Dit is na 3 dae heel weg. Dit moet die plein wit tandepasta wees, nie met die blou en rooi strepe by nie.
- Gebruik "Preparation H" . Dit werk baie goed. Die ander moderne goed op die mark werk nie. Het ook 'n natuurlike tablet gekry (kind noem dit sandpilletjies), Aloe Vera se Fibre Bitters - waarvan elke oggend twee gedrink word. Dit maak die derm bietjie sagter (dis nie 'n lakseer middel nie), en die maag gaan so een keer 'n dag. Sukkel ek glad nie meer met aambeie nie.

Neem:

- 6 pakkies rubarber poeier
- 6 pakkies salpeter
- 1 pakkie epsomsout
- 2 bottels water.

Kook alles saam tot 1 bottel oorbly.

Drink 1 dessertlepel vol.

Meng:

- 1 blikkie stroop
- 1 teelepel blomswawel en
- 1 pakkie kremetart

Meng baie goed en eet 3 maal per dag 1 eetlepelvol.

Meng:

- 2 eetlepels rubarber
- 2 eetlepels suiker
- 2 eetlepel engelse sout
- 1 botteltjie groenamara en voeg by
- 1 bottel brandewyn.

Drink 3 maal per dag 1 eetlepelvol.

Meng deurmekaar:

- 1 blikkie versoete kondensmelk
- 1 botteltjie harlemensis en
- 1 botteltjie balsem sulfuris

Maak seker dat dit baie goed gemeng is. Gebruik 1 teelepelvol op jou nugter maag en dan weer 1 teelepelvol saans voor bedtyd.

Neem:

- 1 bottel klapperolie, nie te groot nie
- 2 Vitalis poeiers en
- 2 Solaris poeiers

Meng baie goed, maak die klapperolie effens warm sodat dit makliker meng. Drink elke aand 1 teelepelvol.

Neem:

- 1 bottel suiwer gliserien en
- 1 bottel olyfolie

Meng baie goed en drink elke aand 1 dessertlepelvol.

Neem:

1 lepel roumelk of rou bies
80 druppels harlemensis daarop gedrup
Drink so bietjie en gaan lê.

Vat:

- 4 pakkies engelse sout
- 1 pakkie kremetart
- 1 botteltjie rooi poeier en
- 2 eetlepels suiker

Meng goed deurmekaar. Sit in 'n houer met 'n skroefdeksel en maak dig toe. Neem elke oggend op jou nugter maag 'n mespuntvol op jou tong en sluk weg met water.

Neem:

- 1 Blokkie Blousel (wat die ou mense vir wasgoed gebruik het)
- 1 2 lt. bottel

Los die blousel in twee liters water op.

Drink eerste ding in oggend 'n halwe glasie. Drink laaste ding in die aand 'n halwe glasie. Drink tot bottel leeg is. Aambeie verdwyn vir 'n jaar na agtien maande. Dit help ook vir 'n maagsweer.

Aanbrandsels

Sprinkel sout en kaneel oor aanbrandsels op die stoof om die reuk te verwyder. Die kombuis sal gevul word met 'n aangename geur.

Aartappels

- Kapokaartappels is lig en sag as 'n knippie bakpoeier bygevoeg word.
- 'n Gerasperde ui gee 'n besondere smaak aan kapokaartappels.
- 'n Bietjie melkpoeier maak die aartappels ook mooi donsig.
- Voeg 'n bietjie gerasperde suurlemoenskil by aartappelslaai vir 'n pikante smaak. Giet slaai-sous oor terwyl die aartappels nog lou is en dit trek in die aartappels in.

Artritis (Arthritis)

- 3 eetlepels seldery sade per 1 liter water. Kook stadig (simmer) vir 25 minute. Druk saadjies goed deur 'n stukkie materiaal (soos cheesecloth). Voeg daarby: 1 eetlepel engelse sout as dit afgekoel het. Gebruik 1 eetlepel 3 x per dag vir 3 maande. Daarna 1 eetlepel elke dag.
- 1 teelepel apple cider vinegar plus 1 teelepel heuning in 'n glas WARM water elke oggend. Dit help selfs ook vir jig (gout).

Asma / Benoude Bors

Weet nie eintlik of dit 'n "boereraat" is nie, maar dit mag dalk baie mense help in 'n noodsituasie. As iemand 'n toe of benoude bors het (bv iemand wat aan asma ly) en jy het nie 'n asmapompie byderhand nie, verrig 'n koppie baie sterk swart koffie feitlik onmiddellik wondere. Met sterk word bedoel so 3 opgehoopte teelepels koffiepoeier. Jy kan wel suiker ingooi as jy wil. Die kafeïen in die koffie maak die lugweë feitlik onmiddellik oop.

Balpuntpen Ink

Om die ink van 'n balpuntpen uit klere te haal: Drup Lennons Witdulsies op die merk en was soos gewoonlik.

Bloeddruk

Trek 'n takkie wynruit in kookwater vir 5 minute en drink die tee vir hoë bloeddruk. Moet dit egter nie gebruik as jy allergies is vir die plant nie, en ook nie te gereeld nie. Dit bring bloeddruk baie vinnig af. Indien jy wel allergies is en die raat nodig het, probeer dan liewers om 'n tee te maak met roosmaryn blare. Dit stabiliseer die bloeddruk, (hoog of laag).

Blomkool

Gooi 'n bietjie suurlemoensap by die water waarin blomkool gekook word om die kool mooi te hou.

Borskanker

Maak en drink die drankie bestaande uit een suurlemoen wat jy met pit en al in 'n voedsel verwerker gooi saam met een eetlepel olyfolie, drink die helfte daarvan saam met loutwarm water en die res

later in die dag. Dit blyk dat die alkaliese suur in die suurlemoen giftige selle uit jou sisteem verwyder en die olyfolie ook 'n genesing bied. Ek beaam dat ek nie weet of dit werk nie, maar kan 'n mens te minste net probeer. Daar is geen newe-effekte nie (dalk net 'n skoner sisteem).

Braaibrood

Braaibrood op die rooster is geneig om op te krul en die vulsel val dan uit. Bind net oorkruis vas met 'n stukkie gare en die brood sal sy vulsel hou. Die gare sal nie brand nie.

Braaipan

Sprinkel 'n bietjie sout in die pan om gespat te voorkom. Plaas 'n vergiettes onderstebo oor die pan sodat die stoom kan ontsnap maar die vet nie uitspat.

Bysteek

Vir bysteek maak 'n koeksodapasta en plaas dit op dit steekplek. Dit trek die gif uit.

Dakke

Verf 'n geriffelde dak met 'n besem, dit werk baie vinnig en is baie goedkoop. Jy kan sommer die besem na die tyd weggooi en dit help dat jou rug nie moeg word nie!!

Deep Fat Fryer - Skoonmaak

Olie kan nogal taai raak in die ding. 'n Suietkannetjie Bio-Tex (vir wasgoed) kan gebruik word. Veral op die metaal filters waar met geskrop en geskuur daar nog steeds olie agterbly. Dit werk fantasties. Sommer gou is die hele spul skoon en weer reg vir die volgende keer.

Dieet

Eet 1 cream cracker (of soortgelyk) elke uur vandat jy opstaan totdat jy gaan slaap. Eet verder soos gewoonlik (as jy kan! jy gaan nooit honger wees nie!). Oefen as jy wil. Verloor 2+ kg per week lag - lag (die moeilikste deel van die goedkoop dieet is om te onthou om jou cream cracker/provita te eet!).

Elektrisiteit

Maak gereeld jou stofsuiers se sak en filter skoon - dit bespaar elektrisiteit.

Galstene

- Die raat los galstene heeltemal op en reinig jou lewer en galblaas heeltemal van enige opgehoopte gal. Maar jy moet gedetermineerd wees, anders gaan jy dit nie kan doen nie. Die raat is as volg: 400 ml olyfolie Lecol suurlemoen-sap OF appelsap, 1 dessert lepel Engelse sout en 'n halwe glas warm water Verdeel die olie in 4 tot 5 klein glasies. Drink elke 20 minute gevolg deur sap (Neem 'n slukkie sap en spoel die sap so in jou mond om van die vetterige smaak in jou mond ontslae te raak). Herhaal totdat al die olie klaar is. Wag 2 ure en drink dan die Engelse sout opgelos in warm water. En moet liefies nie iets eet voordat jy begin tot na die behandeling nie. DIT WERK! 'n Mens voel skoon 'n ander mens daarna.
- Moet net nooit jou galblaas laat verwyder nie want jy is nooit weer daarna dieselfde nie.
- Vitamien C verhoed blykbaar dat nog stene vorm eet gerus baie lemoene. Vitamine E help om vry radikale te verslind. Vesel kan cholesterol vlakke verlaag wat help dat vette gou opgelos word en nie nog stene vorm nie. Eet baie beet, dit reinig die bloed; drink gemengde wortel appel sap. Daar is so baie ekstra dinge wat goed is pomelo sap knoffel natuurlik baie water.

Glansvrugte

Doop die skêr eers in meel en glansvrugte sal baie makliker in stukke gesny kan word.

Goggas

Vir enige ongewenste goggas in die koskaste, beddens of waar ook al, spuit met FENDONA, te kry by die gifafdeling in supermarkte. Hierdie spuitstof is besonder mens- en dier- vriendelik - die kaste kan gespuut word en die kastrolle kan dadelik terug gepak word. 'n Matras kan vir goggas gespuut word, (indien effe nat, laat droog word) dadelik oorgetrek word en die kinders kan dadelik daarop slaap.

Gom

Om ou taai gom van teëls af te haal. Gebruik Domestos, die jel soort en 'n pottedraad. Met 'n bietjie geskuur kom die ou gom eindelijk af.

Grondboontjebotter

- Skeer: As jy per ongeluk jou skeerroom vergeet het op 'n wegbreeknaweek, kan grondboontjebotter gebruik word. (liefs nie die 'crunchy' een nie)
- Verwyder kougom van hare: Vryf 'n teelepel grondboontjebotter in die kougom en dit sal loskom.
- Verwyder gom (superglue ens) vanaf meubels: Vryf met grondboontjebotter oor die gom en dit sal loskom.
- Vang muise of rotte: Muise verkies grondboontjebotter bo kaas.

Hakskene

Gebars

- Week jou voete vir 'n hele rukkie in warm water met 'n handvol growwe sout in. Doen dit net voor jy gaan slaap. Droog liggies af met 'n handdoek. Smeer 'n dik laag vaseline oor jou voete. Trek 'n plastieksakkie bo-oor. Trek 'n paar sokkies bo-oor die sakkies. Jy sal die volgende oggend die resultate sien.
- Wend olyf - of kookolie aan skurwe hakskene die aand voor jy hulle skuur.
- Meng gelyke dele Gliserine (50 ml) en Scrubbs Ammoniak (50 ml) in 'n botteltjie en skud dit goed. Smeer elke aand aan nadat jy jou voete gewas en geskuur het. Binne 'n week is jou hakskene heerlik glad. Oppas net om nie die walms in te asem nie.

Hakskene en hande

Gebarste ledemate:

Hier volg uitstekende raad vir wintershande, voete, gebarste hakskene, en selfs vir ekseem.

Meng die volgende goed saam en smeer mildelik aan die aangetaste dele:

- 2 x 500 gram potjies Aqueousroom
- 50 ml Gliserien
- 1 klein potjie wit Vaseline (reukloos)
- 100 g Johnson's babapoeier

Handdoeke

Handdoeke wat hard uit die was kom - veral in brak water. Was jou handdoeke in warm water met seep en gooi ongeveer 'n handvol sout by (Los die sout op in die water). Moet nie versagter gebruik nie. Spoel die seep goed uit. Spoel weer maar gooi so 2-3 eetlepel ammoniak of wit asyn in die laaste uitspoelwater.

Handskoene

Om handskoene skoon te hou: Voor nuwe handskoene gebruik word, smeer die binneste goed met kryt. Dit sal help dat die handskoene nie vuil word van die sweet nie.

Hardlywigheid

As jy hardlywig is dan moet jy saans as jy gaan slaap 1 dessertlepel bitter kaskara drink. Indien dit nodig is drink die volgende dag 7 druppels daarvan voor elke ete.

Hare

- Borsels: Gebruik 'n plastiekvurk om hare uit jou haarborsel te verwyder.
- Ligstrepe: Skep natuurlike ligstrepe in blonde hare: vul 'n sproei bottel met twee derde koppie wodka en een derde koppie suurlemoensap. Sproei aan klam hare, gaan uit en spoel eers die aand af.

Hare - wat uitval

- Die mense wat gereeld chemoterapie se hare val uit, hopelik sal hulle baat by vind met die raat. Meng 'n botteltjie Bergamot essens van Lennons met jou bottel sjampoe, skud dit goed en was jou hare elke dag daarmee, dié middel laat glo hare groei en sterker word.

- Die wenk kom van 'n haarkapster af wie se een kliënt kanker gehad het en al haar hare tydens bestraling verloor het. 'n Rukkie later kom die dame met 'n hele bos hare terug om gesny te word, en natuurlik moes die haarkapster uitvind hoe sy dit gedoen het. Meng 1 x 100 ml Bayrum (2 x glasbuisies = R7.50) met 1 x Placenta (+- R3.50 elk) in 'n spuitbottel. Spuit aan na elke was en los dit aan.

Hoesgoed

Wanneer jy weer hoesstroop benodig, gaan vra by die apteek vir DPH (diphenhidramine). Dit is 'n generiese komponent van duur hoesstroop en werk uitstekend, maar is spotgoedkoop.

Honde

As honde gedurende die dag hulle besigheid kom doen op jou grasperk, strooi BABAPOEIER op die gras en hulle sal dit nooit weer doen nie. Werk ook as jy gaan kamp. Strooi die poeier om jou tent en hou dan so die honde en ander diere weg van jou tent. Hulle kan nie die reuk verdra nie. Nies en proes verskriklik.

Huwelik Herdenkinglys

No	Tradisioneel	Modern
1	Papier of Plastiek	Horlosie
2	Katoen	Porselein
3	Leer	Kristal of glas
4	Vrugte of Blomme	Elektriese Toerusting
5	Hout	Silwerware
6	Yster	Yster
7	Koper of Wol	Skryfbehoeftes
8	Brons	Brons of Erdeware
9	Erdeware	Kant / Satyn
10	Aluminium	Leer
11	Staal	Juweliersware
12	Satyn	Pêrels
13	Kant	Materiale
14	Ivoor	Goue Juweliersware
15	Kristal	Armhorlosie
20	Porselein	Platinum
25	Silwer	Silwer
30	Pêrels	Diamante
35	Koraal	Jade
40	Robyn	Robyn
45	Saffier	Saffier
50	Goud	Goud
55	Smarag	Smarag
60	Diamant	Diamante

Jeuk

Kry verligting van muskiet- en ander insekbytte deur seep aan te smeer. Dit help gou-gou.

Kakkerlakke

- Probeer die volgende vir kakkerlakke: Strooi Engelse sout, salietakkies of laventelolie op die rakke om kakkerlakke weg te hou.
- Meng versiersuiker en gips so 50/50. Plaas in houers op die vloer en as alles volgens plan verloop, dan is jy ontslae van die ou oulike gediertetjies.
- Jy kry sulke boksies op die vlooi mark as hulle daarin loop sit hulle vas dan kan hulle nie weer uit kom nie. Hulle vrek na 'n tyd.
- Gebruik Baygon Green om hulle aanvanklik bietjie dood te maak. Vir die lang termyn: Meng in gelyke hoeveelhede gipspoeier en versiersuiker. Die sit jy sommer in klein propies of bakkies orals in jou kaste, by die wasmasjien ens - alle verskuilde gaatjies neer en los dit daar.

Hulle kom eet daaraan en dan versteen hulle magies.

- Meng mieliemeel en gips en sit water langsaan.
- Kry by die supermark Dyroach houertjies (nie seker wat noem hulle dit nie). Dit is 'n vierkantige plastiese houertjie. Sit dit in jou kaste of laaie en jy sal sien hoe val hulle uit die kaste. Een houertjie hou omtrent 3 maande. Dit is goedkoop en dit werk.
- Kry by die saadhandelaar Carba sproei. Dit word met water aangemaak en is nogal duur maar dit werk wonderlik
- 'n Mens sal nooit werklik van die verpestings ontslae raak nie. Die groot ding is om die eiertjies te verwyder as jy hulle sien. 'n Wenk wat jy kan probeer is: Meng Boraks en versiersuiker en sit dit in doppies of propies op strategiese plekke - veral onder die wasbak of die kas onder die wasbak - hulle hou van die klammigheid. As hulle op die boraks loop, klou dit aan hulle pote vas en lek hulle agter die soetigheid aan, en blykbaar maak die boraks hulle dood.
- Chlorpirifos is by hardware- en afdelings winkels beskikbaar. Dit word verdun en aan lyste gesmeer met 'n kwas of aan gespuit. Dit is 'n veeldoelige middel - kan ook vir plae in die tuin aangewend word. Doen dit maar so elke 3 maande of so. Ook Chlorphyriphos sterk aangemaak in 'n spuitkan en oral langs die lyste in die huis afgespuit agter beddens en kaste en sommer die binnekant van die kaste - ook uitgevee daarmee, veral onder die wasbak of waar ander klam plekke is. Sommer ook buite om die dreine ens, gespuit. Dit help selfs om die swartmiere uit die huis te hou, en ook sommer vlooi-eiers wat die honde inbring. Vir die goed wat invlieg is daar nie raad nie, tensy jy gaas voor jou vensters het, maar hulle is groot en lelik genoeg dat jy hom sommer met 'n skoen kan bydam!
- Hulle eet stof, so skaf 'n stofsuijer aan en gebruik dit gereeld om die stof agter kaste, onder beddens, binne in kaste en al daardie ander donker hoekies uit te suig. Spuit Chlorpirifos (gif) binne en buite die huis en jy sien die gedoentes nie weer nie. Gooi gereeld onverdunde bleikmiddel in al die wateruitlate, dreine ens. en sit die prop in en laat oornag staan. Die ander goed soos die kakkerlak huisies en al die ander geldmaak foefies werk nie.
- Gooi oral Boraks wat met 'n klein bietjie suiker gemeng is.
- Spuit Dyroach oral teen vloerlyste, agter en onder meubels en in gleufies. Pak jou kombuiskaste uit en spuit teen die onderkante van die rakke. Los so vir 'n uur of twee. Vee die bokante van die rakke met 'n klam lap af en pak die goed weer terug. Moenie die onderkante van die rakke afvee nie. Doen dit vir 'n begin ten minste een maal 'n maand.
- Iets wat ek self nog nie probeer het nie, is om piesangskille in jou kaste te sit. Vervang wanneer droog. Die goedjies hou blykbaar glad nie van die reuk nie.
- Ek het gehoor as jy Kakiebos oral sit werk dit. Plant een veral by jou dreine.
- 'n Ou raad wat werk vir kakkerlakke - sit naeltjies in al jou kombuiskaste/waar hulle ook al voorkom. Dit werk!
- Wat ek regtig gevind het wat werk om kokkerotte te bestry is boor poeier! Dit is glad nie giftig nie en dus doen dit geen skade aan jou huismense of diere nie. Die nadeel van insek doders is regtig dat as mens die "ouers" laat vrek het daarvan en hulle le sterwend, broei hulle "eiers" daardie kokkerotjies uit met 'n immuniteit teen die produk en moet jy weer iets anders probeer. Ek het met my eie oë gesien hoe die goete in die Doom Extra rond gly - so baie het ek gespuit en hulle het net weg geskarrel!
- Gaan fumigate of spuit jou bottel leeg en verwyder die kokkerotte wat jy kan. Maak skoon buite en oral in die kaste en areas waar hulle neig om voor te kom, bo-op jou geiser, ens. Wat 'n mens ook kan doen is om die poeier oral oor die oppervlak van jou kaste en laaie te gooi, papier bo oor en dan kan alles terug gepak word in die kaste. Al nadeel van die poeier is, is dat dit neig om te lyk soos sout wat rond gemors is.
- Die poeier droog die kokkerot heeltemal uit. Al wat jy daar kry is 'n biltong kokkerot, so klein plat en verskrompel. Hierdie werk waaragtig! Die apteke verkoop nie meer die groot pakke borasic(boor) poeier nie. Mens kry dit nie meer volop nie. Dit ook by mediese verspreiders gekry word. Selfs as jy 'n brandwond opdoen en jy gooi borasic poeier daarvoor, dan trek dit die vog wat die blaas vorm dadelik uit. Dit is die selfde uitwerking wat dit op die kokkerot het. Die vog word uit hulle uit getrek.

Katte

Hou ongewenste katte uit die tuin deur peper te sprinkel op die plekke waar jy hulle spore vind.

Klere - gevlek

Hoe om die geel kleur uit klere wat lank gelê het te kry?

- Probeer Viva seep (by Diskom of enige supermark)
- Kry vir jou 'n koekie Sunlight seep. Maak die klere nat en smeer hulle behoorlik met Sunlight seep. Jy moet smeer en smeer totdat die wit skuimbolle verskyn. Laat lê dit so nat vir 2 of drie dae. (Moenie weer water by tap nie - seep kan maar so droog word). Was dan normaalweg.
- Om enige merke en ook die geel vlekke uit te haal. Baie goedkoop. Die "chemical" winkels wat skoonmaakmiddels sonder 'n naam verkoop. Daar is 'n produk ons noem dit degreaser. Dis geel en 'n redelike sterk reuk dit lyk neon geel/groen as jy dit uitgooi. Die produk word net aan gespuit en dan gewas. Dit is 'n wonderlike produk.
- Week dit in Sterri Nappi oornag. Dit was katoen, wol, ens. en dit rig niks skade aan die klere aan nie, maar die klere is so wit soos kan kom.
- Bêre al jou wit goed in blou plastiese sakke. Weet nie hoekom nie, maar dit keer dat die klere nie geel word nie. (Boereraat wat werk).
- Blousel - kry dit in meeste supermarkte. Laat dit 'week' - wees net versigtig want as dit nie mooi opgelos het nie maak dit bou kolletjies op jou klere. Bruid boutiques gebruik dit vir die trourokke ook.

Kerrie

As kerrie te sterk gemaak is, voeg 'n bietjie suurlemoensap by.

Kerswas

Om kerswas van materiaal te verwyder plaas 'n stuk koerantpapier bo-oor die materiaal en stryk met 'n lou yster. Die was sal dan in die papier in trek en die materiaal sal weer skoon wees.

Koorsblare

- Dis nou regte egte boereraat. Niks anders as vanilla essens nie. Sodra jy voel die plekkie begin jeuk dan smeer jy sommer aan. Gebruik 'n oorpluisie en wend so elke halfuur daarvan aan. Dit droog die koorsblaar op.
- Zink pilletjies (te koop by apteke) help ook. Dan het ek iewers gehoor mens moet "vanilla essens" aansmeer die oomblik dat jy hom voel kom.
- Poliodruppels is jou antwoord. Gaan na jou naaste kliniek en vra die suster om vir jou elke maand 'n druppel poliodruppel te gee. Dit werk soos 'n bom.

Koper

- Gooi 'n pakkie wynsteensuur en Sunlight skottelgoedseep in 'n emmer met warm water. Week die koper daarin vir 'n paar uur. Haal uit en vryf droog. Die oplossing dring in al die hoekies en gleufies in en laat die koper pragtig nuut lyk!
- Koperware kan pragtige blink gemaak word as dit nou en dan met sout en asyn afgevryf word.

Kosverwarmers

Hou kos vir 'n groot onthaal warm op asbes verwarmers. Verwyder die pote en plaas die verwarmers horisontaal op bakstene.

Kougom

'n Wenk vir die verwydering van kougom uit jou kinders se klere - en natuurlik ook soms jou klere, is om die taai kol te smeer met grondboonbotter. Die olierigheid en so werk te mooi saam om die taaiheid uit te kry.

Kreukels

Verwyder kreukels uit 'n plastiese tafeldoek, deur 'n dik, klam handdoek daaroor te gooi en met 'n warm yster te stryk.

Kunsblomme

Om kunsblomme skoon te maak moet dit in 'n papiersak saam met sout gegooi en baie goed geskud word. Die sout neem al die stof en vuiligheid op en die blomme lyk sommer gou weer vars.

Leer ("Ladder")

Sit die pote van 'n leer in twee skoene met rubbersole, dit sal verhoed dat die leer gly.

Linnegoed

Om linnegoed wit te maak. Sny 'n dik skyf van 'n skoongemaakte suurlemoen. Sit dit saam met die linne in 'n pot as dit gekook word. Die suurlemoen neem al die vlekke uit die linne uit en maak dit mooi wit.

Lugverfrissers

Hierdie wenk is nogal goed, veral as die lugverfrissers gedaan is. Meng 'n eetlepel van jou gunsteling versag middel met water in 'n spuitbottel en siedaar! 'n uitstekende lugverfrisser.

Maagsweer

- Sluk 'n mespunt Samboksalf elke oggend vir tien dae lank. Hierdie raat werk soos 'n bom. Die salf is slegs plantolies, en sal jou niks anders as gezond maak nie. Jy kan ou kapsules neem en dit leeg maak van die inhoud, en dan vul met die salf en dit so sluk. Dit laat geen slegte smaak na nie.
- Neem: 1 Blokkie Blousel (wat die ou mense vir wasgoed gebruik het) en 'n 2 liter bottel. Los die blousel in twee liters water op. Drink eerste ding in oggend 'n halwe glasie. Drink laaste ding in die aand 'n halwe glasie. Drink tot bottel leeg is. Dit help vir 'n maagsweer.

Matte en materiaal meubels - kolle

Neem: 4 eetlepels brandspiritus; 4 eetlepels wit asyn; 4 eetlepels "Scrubb's Cloudy Ammonia" (by afdelingswinkels te koop) en 1 liter warm water.

Spuit met sproeikannetjie op die kol en borsel deeglik. Gestoffeerde meubels - spuit die kussings en borsel. Jy sal nie jou oë kan glo nie.

Melk

Melk sal nie oorkook nie as 'n albaster in die melkkastrol geplaas word.

Miere

- Die volgende raat werk werklikwaar. Maak die volgende mengsel aan:
100ml water
200ml suiker
50ml Borax (kry by apteek)
Sit bietjies van die mengsel uit waar miertjies voorkom, sodat hulle dit kan nes toe dra. As 'n mens sien hulle staan sulke kringe om die stroop, is dit 'n goeie teken dat hulle dit geniet.
- Sorg dat stroop altyd beskikbaar is. Jy sien nie onmiddellik resultate nie, maar na 'n drie tot vier weke begin jy agterkom daar is nie meer miere nie. Hulle dra die stroop nes toe, voer die ander miere en koningin daarmee en die hele nes vrek uit. Is 'n omgewings vriendelike lok-middel, geen gevaar vir kinders nie, maar dodelik vir miere.
- Kamakazi krummels (moet nie met die hand strooi nie anders is dit nie effektief nie) Strooi dit ten minste een keer 'n week vir ses weke aanmekaar.
- Termedine (dit is glo dieselfde as wat die mense van "Pest control" gebruik maar is baie duur - Dit word glo aangemaak 1 op 40)
- 411-kunsmis. Dit is glo baie giftig en jy moet veral oppas vir jou honde of diere maar is glo verskriklik effektief.
- Vir die klein miertjies in die huis: Hierdie kryt wat jy by die vlooiemark kry. Dit werk maar dit is net 'n tydelike oplossing tensy jy dit gereeld gebruik.
- Iemand sê ook dat jy moet VIM of babapoeier strooi, maar moenie dit afvee wanneer jy skoonmaak nie.
- Maak "Die Ant" met water aan en spuit dit al teen die lyste (skirting's) van jou huis.
- Gooi bietjie paraffien in 'n miernes. Hulle sal gou verdwyn.
- Vir suikermiertjies wat 'n kombuis oorneem. Strooi net rooipeper op strategiese plekke. Hulle sal in 'n dag of twee drie verdwyn. Jy kan ook kaneel probeer.

Molle

Glo dit of nie, hondebolle help! Ja, die slagysters op die grasperk kan ook nuttig wees. Gooi hulle oral in die gate/tonnels en die molle wyk na die bure toe!!! Baie mense het van welslae getuig.

Motbolle

Goeie ou raad: Vergeet die motbolle in die seisoenklere se wegpak plek en die komberse. Rasper Sunlight Wasgoedseep (die groen blokke) in die kas/sak waar jy dit bêre - niks meer stanke en dit hou alle ongediertes daar uit!

Muf - in klere

- Neem verdunde water en vanielje en lê jou klere daarin. Dit vat die muf reuk weg.
- Neem 'n halwe botteltjie vanilla essence, gooi dit in 'n skottel met water en week die kledingstuk 'n ruk daarin. Hang dit dan in die buitelig om droog te word.
- Week dit in Jeyes Fluid.
- Week net jou kledingstuk oornag in asyn , dit behoort die reuk uit te kry

Muise

Motbolle: Gooi van die goed op jou huis se plafon en geen muis of rot sal dit naby die plafon waag nie. Ons verpes muise en rotte en muise en rotte verpes die reuk van Motbolle.

Muskiete

- Kry 'n citronella kers of een van hierdie branders met citronella olie en brand dit.
- Lavender olie. Dit sal jou kalm en rustig maak en hou die muskiete weg. Buite by die braai smeer aan jou bene net 'n druppel, gooi sommer op die beddegoed bietjie olie of sit dit in 'n olie brander met bietjie growwe sout en gebruik dan die growwe sout om in te bad. Dit jaag sommer verkoue ook by die huis uit!!!
- Gebruik sommer 'n gewone olie lampie (om lig te verskaf wanneer jy kamp). Maar, in plaas van parafien gebruik Sitronella olie - dit brand net so goed. Dit brand so lank aan een 'vulling', dat jy dit dag en nag aan die gang kan hou.
- Sitronella olie seep (half deurskynend) waarmee jy dan stort saans (of wanneer ook al) om die muskiete weg te hou wat dalk inglip - dit help ook as jy mens gaan stap in die bosse of langs 'n rivier.
- Op tuinpaleis hulle gesê dat jy moet peperment grond beddekkings en ook vleisvreter plante plant. Dit help ook vir ander goggas soos vlieë, vlooië ens.
- Soek raat vir die ewige bloedsuiers (muskiete)? Doen die volgende binne en buitenshuis: Neem 'n groot ui, van dié wat skerp ruik, sny dit in skywe redelik dik en plaas dit oral rond waar die mense beweeg.
- Neem houertjies en gooi doodgewone asyn daarin, hoe sterker die asyn hoe beter (met ander woorde die % asyn wat op die bottel staan) plaas dit oral rond, plaas 'n bakkie voor die waaier en dit vul die vertrek totaal.

Muurteëls

Muurteëls waar die hegmiddel ('grout') lelik geword het. Verf die hegmiddel met Akriliese verf van jou keuse. Jy mag maar die teel ook raak verf. Laat staan vir 15 tot 20 min en was die verf van die teëls af met warm water. Nuwe muur- of vloerteëls kan so gevef word en dit sal vir jare mooi bly.

Naellak verwyder

Uit 'n duvet

1. Witdulsies
2. Asetoon (Naellak verwyderaar)

Naellak - wat taai geword het

Gooi 'n paar druppels Amiel Asetaat daarby en skud goed. Dit beskadig nie jou naels nie.

Naels

Sukkel jy met naels wat so dun is soos deesdae se eierdoppe?

- Vat 'n pakkie gelatien, meng elke oggend 'n teelepel vol met warm sap (enige Liqui Fruit of so, want die goed is nie vreeslik lekker nie). Maak 'n bietjie sap vir 30 sekondes in die Mikro-

golf warm, voeg dan die teelepel gelatien daarin (tot opgelos) en drink dit. Is sleg maar jy raak baie gou gewoond daaraan. Drink die hele pakkie op - dit neem 'n paar weke, maar dit help vir lang, sterk en gesonde naels.

- "Slow Mag". Dit is goed vir baie dinge en maak onder andere naels baie sterk.
- Kry Vital se Calmac of Dolomite pille - beide is kalsium aanvullers.
- Natura se "tissue salts no. 7". Dit is 'n homeopatiese produk. Naels wat swak is -- hulle groei, maar waarvan die punte split sal baat vind hierby. Dit is beskikbaar by apteke soos Pharma Valu, Hyper Pharm en sekerlik ook by Dischem. Suig drie in die oggend wanneer jy wakker word en weer drie in die aand voor slaapyd.
- Gebruik Zinplex (kry by Dischem). Dit werk na omtrent 'n maand. Bevat Zink en selenium en is ook goed vir die vel, hare en immuniteit.
- Gebruik gerus van Sally Handson se produkte, beskikbaar by Clicks of enige goeie apteek. Daar is 'n hele verskeidenheid produkte beskikbaar, die deurskynende naelpolitoer werk soos 'n bom, sit sommer 2 lae op jou naels.
- Produkte wat hare en naels sterk maak of 'n goeie vitamine wat sommer alles in het. Naels groei stadig, dus sal dit 'n paar maande vat vir die gesonde naels om voor by die vingerpunt uit te kom. Probeer NRF produkte. Dis ontwikkel in SA.
- AVON se Strong Results. Dit is soos 'n kleurlose naellak, maar dit trek in die nael in en laat glad nie 'n blink lagie op die nael nie. Dit werk regtig!
- Om naels sterk te maak koop 'n klein botteltjie "formalien" by die apteek. Haal dan alle naellak af, en gebruik 'n oorstokkie wat in die formalien gedoop is en smeer dit oor die nael. Dit maak wel die nael geel, maar dit maak dit ook baie sterk.
- Maak nie saak hoe kort jou naels is nie, dra altyd Cutex, al is dit kleurloos, gooi 3-4 druppels (nie meer nie) Formalien (te koop by apteke - koop net so 5 ml) in die Cutex, jy sal verbaas wees hoe sterk jou naels word.
- Gebruik millionails van essie. Jy kan dit kry by Dischem apteke. Jou naels is word hard en groei verskriklik.
- 'n Behulp same apteekassistent se raat is One and All Nailhardner van Innox.

Neus - bloei

Blousel (ou mense het dit gebruik vir wasgoed). Rasper die blokkie en vat 'n mespunt en snuif dit in die neusgat op wat bloei. Rasper sommer die hele blokkie en hou dit in 'n botteltjie in die medisynekas. Dit werk regtig.

Olie - op plaveisel

Indien daar olie op die plaveisel of motorhuis se vloer gedrup het, kan dit skoongemaak word deur gewone sement op die olie te gooi. Die sement sal die olie absorbeer en kan na 'n dag of wat met 'n besem weggevee word.

Oliebottels - skoonmaak

Oliebottels kan maklik skoongemaak word deur 'n bietjie koffiemoer in die bottels te gooi en goed te skud. Was daarna uit met skoon water.

Pasteie

Wanneer jy 'n eier moet klits om oor pasteie te smeer: GEBRUIK EERDER MAYONNAISE. Dit werk net so goed, jy gebruik net wat nodig is, dit bevat ook eiers en so spaar jy 'n eier.

Plafonne

- Vir kwaai waterlekkie wat die plafonne bruin vlek: Verf wit padverf daarop. Die bruin vlekke sal nie weer deurslaan nie.
- Plafonne wat klein merkies of vlekke op het, kan weer nuut lyk as dit met wit skoenpolitoer behandel word.

Plakkers (Stickers)

- Smeer Brasso aan die etiket en vryf hom af. Enige taai kolle wat nog oorbly kan met nog 'n bietjie Brasso verwyder word.
- Spuit plakker met Doom - laat paar sekondes en vryf die plakker af. Was met gewone skottelgoed seep daarna.

- Smeer KOOKOLIE op die plakkers of op reeds afgetrekte plakkers wat nog gom agtergelaat het en laat so 'n rukkies staan en maak dan skoon met 'n lap.

Pynappel

Rasper 'n pynappel deur dit met skil en al in die lengte in kwarte te sny. Rasper so tot teen die skil.

Rakke - taai rakke of ander

- Ek weet LDC van Golden Products is werklik goed en dis gesond vir jou hande.
- Gebruik gewone paraffien om die gom af te kry.
- Die gom wat op die papier is, sal heel moontlik die verf op die kas beskadig en dit sal oorgeverf moet word. Om die papier af te haal, kan jy gewone kookolie oorsmeer en laat staan vir 'n dag of twee. Dit sal die papier laat loskom sodat jy dit kan afkrap, maar kan ook die verf beskadig.
- Skrop die rakke gewoonweg met Handy Andy of Sunlight Liquid om die papier te verwyder. Om die taai af te kry, en dit werk regtig, vryf die taai kolle met Brasso.
- Uit ondervinding weet ek dat dit help om Doom insekdoder op die gom te spuit. Dit neem die taai weg en jy kan dan die voorwerp afwas. Dit werk self vir botteltjies met papier op. Jy spuit dit net op die papier en alles kom los sonder dat dit taai bly.
- Koop vir jou van die vloeibare meubelpolitoer. Smeer op, los 'n rukkies. Jy gaan nog 'n bietjie moet werk om dit heeltemal af te kry, maar dit is makliker.
- Neem jou haardroër - blaas die kleefpapier warm tot dit maklik aftrek. Haal die laaste gomme met gewone badseep en warm water en bietjie werk af !!
- Koop genoeg blikke 'Pledge meubel politoer' spuit redelik baie oor die area en laat vir 'n ruk. Krap dan af met 'n muur messie (wat jy gebruik vir gate in die muur toe smeer). Op kwaai plekke sal jy dit seker so twee tot drie keer moet herhaal. Jy kan ook spiritus probeer, maar die reuk gaan jou dalk aantast!!

Reuke

Aanbrandsels: Sprinkel sout en kaneel oor aanbrandsels op die stoof om die reuk te verwyder. Die kombuis sal gevul word met 'n aangename geur.

In Yskas:

- Wat ook hiervoor gaan werk is om steenkool in die yskas te sit, of 'n paar houtskool blokkies. Maak net eers jou yskas op die gewone manier skoon, en gooi 'n paar stukke steenkool daarin. Kleiner stukke werk vinniger.
- Gebruik twee snye swart geroosterde brood as jy nie steenkool het nie.
- Om stank te verdryf uit 'n vrieskas ens. Was dit goed met Handy Andy of iets soortgelyks en plaas 'n paar Swembad Chloorballetjie in 'n oop houër in die kas en maak die deur toe.
- Vir reuke in die yskas kan 'n deurgesnyde pynappel werk.
- Om die uiereuk uit jou plastiekbakkies te kry. Plaas die houër in die son vir 'n paar uur.

Roesvlekke

Wynsteensuur werk goed. Gebruik 'n bietjie saam met water op die vlek, vryf goed.

Room

Voeg 'n half teelepel suurlemoensap by room om dit baie gouer mooi styf te klop.

Rotte

Motbolle: Gooi van die goed op jou huis se plafon en geen muis of rot sal dit naby die plafon waag nie. Ons verpes muis en rotte en muis en rotte verpes die reuk van Motbolle.

Sement - gebreekte glase

Gewone aluin in 'n ysterlepel gesmelt met 'n baie sterk sement. Gebruik dit om glase, porselein, ens. mee te las nie. Voorwerpe daarmee heelgemaak, kan gewas word, sonder dat dit sal losgaan.

Sinkplate

Om vars gegalvaniseerde sink of geute te verf, was dit eers met blouvitriool of met 'n kopersulfaat oplossing (verkrygbaar by apteke). Dit maak die sink swart, was goed af met water en verf wanneer dit baie warm en baie droog is, die kwas moet amper vaskleef so warm moet die sink wees, dan het jy geen onderlaag nodig en dit dop voorwaar nie af nie.

Sinus

- Kry by die apteek "Health Tones se Sinus & Allergies" , dit is 'n homeopatiiese druppel, gooi net vier tot ses druppeltjies in 'n bietjie water, dit is nie baie lekker nie, maar hou 'n botteltjie koeldrank byderhand sodra jy klaar die slegte medisyne gedrink het wat 'n sluk koeldrank.
- Snuif 'n soutwateroplossing. (1 teelepel elk van sout, koeksoda en suiker opgelos in 1 liter water). Sout vir steriliteit, koeksoda vir ph- faktor om te neutraliseer of iets en suiker vir olie-righeid. Die naasbeste vervanging vir seewater. Chloorwater in swembaddens is ook 'n vyand.
- Vir ernstige lyers van sinus en loopneus as gevolg van allergie. Soos voorgestel deur 'n patoloog is gevind dat suiwel (melk en kaas sjokolade, ens) sitrus (lemoene veral) en brood groot sondebokke is. Beperk of vermy dit sover as wat moontlik is. Sny die goed vir sowat 3 weke uit jou dieet uit en kyk hoe vaar jy. Melk vervang word met bok/soja/rys melk, brood met rys of mieliekoekies. Pasop ook vir MSG, kleurmiddels en preserveermiddels. Bly sover moontlik daarvan af weg - lees al die bestanddele op elke voedselmiddel wat jy koop.
- 'n Dokter het 'n spesiale dieet aanbeveel en dit het klaar wondere verrig. Die basiese beginsel van die dieet is om alle kleur-, geur- en preserveermiddels uit te skakel: m.a.w. in plaas van aanmaakkoeldrank gebruik suiwer vrugtesap effens verdun met water of Ceres junior juice wat 'n vermenging van vrugtesap en rooibostee is of goeie ou Clifton.
- In plaas van lekkergoed eet iets soos gedroogde vrugte of vars vrugte en joghurt. Suiker is ook 'n groot euwel - dit veroorsaak baie slym - rooibostee of kafeïen vrye koffie met 'n bietjie heuning - melk moet ook beperk word - gebruik lae vet melk dit is nie heeltemal nodig vir vet vry nie. Dan kan jy ook natuurlike hulpmiddels by 'n homeopaat kry. Basies gaan jy terug na die ou dae toe alles natuurlik was met geen kleurmiddels, geurmiddels of preserveermiddels nie. Dit is dan ook die rede waarom gewone medisyne nie altyd werk nie, omdat dit ook vol van die bogenoemde is.
- Dit is bykans onmoontlik om lekkergoed uit te skakel, veral by kinders. Diabetiese of tuisgemaakte lekkergoed is 'n baie goeie plaasvervanger en as jy dan moet koop hou by malvallekkers. Blou, groen, pers en rooi is veral baie "slegte" kleurmiddels.
- As jy sukkel met verstopte sinusse, probeer hierdie een. Meng 1 t koeksoda, 1 t sout en 1/2 k loutwarm water saam. Gooi daarvan in 'n leë spuit houertjie (vir die neus) en spuit elke nou en dan jou neus om dit oop te kry.

Skoene - wat druk

- Steek 'n spons of lappie in kokende water en hou dit vir 'n paar minute op die plek. Trek dan die skoen uit en vryf van binne met 'n tandeborsel se steel of iets anders met 'n stomp punt.
- Leerskoene kan met baie warm kraanwater natgemaak word. Trek dun sokkies aan om voete te beskerm. Trek dan die warm nat skoene aan en loop met dit tot dit droog is. Die skoene het dan na jou voete gevorm. Doen dit elke keer as jy nuwe skoene koop en jy sal nooit blase aan jou voete of tone gekry nie. Die skoene beskadig ook gladnie.

Skottelgoedseep

Gebruik die plastiek tipe twee liter koeldrankbottels. Gooi twee bottels koue water (4 liter water) in 'n kastrol (groot genoeg om sowat 11 liter vloeistof te kan neem). Plaas die kastrol op 'n stoofplaat wat op die hoogste hittegraad aangeskakel is.

Terwyl die water stadig warm word gooi die volgende in die kastrol:

- 2 Bottels Anti Bacterial Dishwashing Liquid (1,5 liter elk) of enige ander tipe vloeibare skottelgoedseep.
- 1 Kg Waspoeler. Die goedkoopste wat jy in die hande kan kry. Die tipe waspoeler wat jy vir outomatiese wasmasjiene koop is nie so geskik nie omrede dit minder skuim.
- Gebruik 'n houtlepel om die mengsel stadig deur te roer.
- Gooi hierna nog twee, twee liter bottels warm kraanwater by die mengsel (nog 4 liter warm water). Roer die mengsel steeds stadig deur.
- Hierna kom die laaste twee bestanddele by: 1 Groot opskeplepel Gliserien en 4 groot opskeplepels Spiritus (Blou pers methylered spirits)

Roer alles goed deur. Wanneer die water amper kookpunt bereik, haal die mengsel van die stoof af en laat dit heeltemal afkoel. Gooi oor in bottels vir verdere gebruik. Lewer sowat 11 liter seep.

Skottelgoedwas

'n Wenk vir almal wat lui is soos om laatnag skottelgoed te was. Spuit 'n oplossing skottelgoedseep en water op die stoof, potte en ander skottelgoed. Laat die eetgerei in 'n roomysbak met water week. Die volgende oggend vee jy net die stofooppervlak af, en potte en ander skottelgoed is sag en reg vir die was.

Skroewe - geroes

Maak 'n dun yster rooiwarm en hou dit op die kop van die skroef. Gebruik dadelik die skroewedraaier.

Slakke

Hou slakke van plante weg deur eierdoppe rondom die plante te strooi. Vaseline wat rondom potte gesmeer is, hou ook slakke weg van potplante.

Sooibrand

Meng 'n botteltjie Turlington op 1 blikkie kondensmelk en neem elke oggend op jou nugter maag 'n teelepel vol. Dis vrek sleg, maar hulle reken dit vat jou maagseer skoon weg.

Sooibrand - tamatie en uiemoes

As tamatie- en uiemoes gemaak word vir braaivleis of ander geregte, gooi 'n kwart koppie melk op die end by en roer goed. Dit voorkom sooibrand.

Sop

Om die vet van sop af te skei, gooi die sop deur 'n doek wat goed natgemaak is in koue water.

Sousbottel

Draai 'n pypskoonmaker om 'n sousbottel se nek. Dit sal verhinder dat die sous teen die bottel afloop en die tafeldoek vlek.

Soutpotjie

- Gooi 'n droë ertjie in 'n peperpot om te voorkom dat die peper saamkleef.
- Gooi van die volgende in die soutpot en die sout sal nie klonte vorm nie; grondboontjies, rys of 'n droë ertjie.

Spek

Spek sal nie omkrul as dit in kookwater gedoop word voordat dit gebraai word nie.

Spuitmiddel - veilig vir die Tuin

Hierdie spuitmiddel sal insekte verjaag sonder om hulle dood te maak en is baie veilig in die tuin.

Neem 20 Liter warm water

Voeg een eetlepel koeksoda by

Voeg twee eetlepels Jeyes Fluid by

Vlok een vyfde van 'n steen blouseep in mengsel in

Roer goed tot al die bestanddele opgelos is.

Stank - in yskas

- Om stank te verdryf uit 'n vrieskas ens. Was goed met Handy Andy of iets soortgelyk en plaas 'n paar Swembad- Chloor- balletjies in 'n oop houër in die kas en maak die deur toe.
- Vir reuke in yskas het ek eenkeer gehoor 'n deurgesnyde pynappel werk.

Stofsuier

As jy gereeld jou stofsuier se sak skoon maak sal dit om elektrisiteit te bespaar.

Suurmelk

Moet nooit suurmelk weggooi nie. Dis uitstekend in gebak en maak deeg ligter as vars melk.

Tamatie- en uiemoes

As tamatie- en uiemoes gemaak word vir braaivleis of ander geregte, gooi 'n kwart koppie melk op die end by en roer goed. Dit voorkom ook sootbrand.

Tamatiesop

'n Knippie kerriepoeier by tamatiesop verbeter die smaak.

Tamatiesous

Gebruik 2 kg Tamaties waarvan die kern en pitte verwyder is, 2 koppies suiker, 1/4 koppie appelsyn, 1/2 teelepel sout. Versap die bestanddele saam en kook by 'n lae hitte vir ongeveer 1 1/2 uur. Roer dit gereeld. Gooi deur 'n sif om stukkie te verwyder en voeg 1 verpoeierde Vitamien C tablet by om die kleur te behou. Vries of lê die tamatiesous in vir latere gebruik. Rissiepoeier of paprika kan voor die kook proses bygevoeg word vir smaak.

Teëls

Om teëls in die kombuis of badkamer mooi te laat blink, gooi 'n bietjie paraffien by die water waarmee hulle afgewas word.

Teer - op motors

Haal af met Margarien of Paraffien.

Teerkolle

Teerkolle op kleren kan verwyder word deur bloekomolie op die kolle te smeer en dit daarna met warm water te was.

Teevlekke

Smeer gelyke dele van gliserien en geel van 'n eier aan goed wat teevlekke op het. Laat dit daaraan droog word. Was dit dan met helder koue water. Dit sal die vlekke uithaal.

Tenniskoene

Deur tenniskoene se witsel met melk i.p.v. water aan te smeer, verhoed dat die witsel sal afgee.

Termiete

100 ml water; 200 ml suiker en 50 ml Borax. Maak 'n mengsel hiervan. Gooi klein bietjies waar die miere voorkom. Hulle dra dit na hulle nes toe. Dit neem 'n paar weke voordat jy sal sien dat dit werk. MAAR DIT WERKT!!

Toilet - gevlek

Om 'n gevlekte toilet skoon te maak is swembadsuur net die ding.

Tupperware

- Laat lê 'tupperware'- deksels en so meer in 'n groot skottel met warm water en 'n goeie hoeveelheid Jik/Domestos. Dit werk baie goed en alles lyk weer splinternuut en skoon..
- Spuit jou 'tupperware' gerus met Brillo of Mr Muscle oondskoonmaker en na 'n paar minute, was jy af met lekker warm seep water, dit werk wonderlik en beskadig nie jou 'tupperware' nie.
- Raad teen taai Tupperware, het gevind as jy die Tupperware met 'n bietjie Brasso skoonmaak en dan in lekker warm seepwater was is al die taai weg.

Uie - Gesmoorde

Gooi 'n bietjie asyn of suiker by uie wat gesmoor word. Dit sal 'n lieflike ligbruin kleur en 'n aangename geur aan die uie verleen.

Urinereuke - Honden en katten

- Meng 'n botteltjie vanieljegeursel met dieselfde hoeveelheid Dettol (slegs Dettol), op 750 ml water. Gooi in spuitkannetjie en spuit op aangetaste dele, vrylik op matte, banke, gordyne en selfs in die lug as lugverfrisser. Dit werk wonders en ruik heerlijk skoon en vars.

- Om reuke van kat- en honde urine uit jou mat te kry - probeer die volgende raat. Gewaarborg om reuke te verwyder en mat silwerskoon te maak:
Kook saam:
1 kg. Surf waspoeier
750 ml. Spiritus
2 botteltjies bloekomolie
5 liter water
Gebruik soos matsjampoe in jou matwasser en verdun voor gebruik.

Varings

Meng 1 t brandspiritus en 1 k water baie goed. Gooi oor die varings en kyk hoe mooi groei hulle.

Vensters - skoonmaak

- Die wenk is spotgoedkoop en werk baie, baie goed. So goed bv op motors se vensters dat as jy binne die motor sit, dit lyk of daar nie 'n ruit in is nie. Was die ruit af met water en dan maar 'n bietjie seep, somer skottelgoedwasmiddel. Spoel af en vryf dit droog met 'n stuk gefrommeld koerantpapier. Jy sal jou ruit nie herken nie.
- Om vensters 'n goeie glans te gee, steek 'n doek in spiritus en vryf die glas goed op. Maak daarna met skoon droë leer blink.

Verf

- Om verf te verwyder: Meng 1 pond wassoda, 2 onse kalk en 8 koppies kookwater. Smeer dit so warm oor die verf.
- Borsels en rollers: As 'n mens 'n paar dae se gevef het om te doen, en wil nie elke dag die verf borsels of rollers was nie, draai dit in Gladwrap toe en bere in die vrieskas. Ontvries so 1/2 uur voor jy weer begin verf en alles is as of jy nou net opgehou verf het
- Verfkolle: Verfkolle op vensters kan verwyder word met asyn.
- Verfspatsels: Voorkom verfspatsels teen vensterruite wanneer jy verf deur nat koerant papier teen die ruite vas te druk. Die koerant kleef lank genoeg en word maklik verwyder.

Verkoue

Lavender olie. Dit jaag somer verkoue by die huis uit!!!

Vernis

Gebruik "ZEB" (oond reiniger) om ou vernis en aangepakte vuilheid van ou houtmeubels af te haal. Spuit aan en die vuilis borrel letterlik af. Vee dan dadelik af met lap en skoon water. Dit beskadig nie die hout nie en dring diep in al die groefies en krakies in.

Vetkollie

Om vetkollie te verwyder van klere, spuit gewone Doom op die kol en vryf die kol en spoel uit.

Vinke - om vinke weg te hou van palms af

Die raad is om aluin kristalle op te los en dit op die blare te spuit. Jou palms sal pragtig wees.

Vis

Gooi bietjie asyn by olie waarin vis gebraai word. Die vis absorbeer minder olie.

Vismotte en motbolle

Goeie ou raad: Onthou jy die motbolle wat gebruik was in die seisoenklere en die komberse se weg-pak plek. Vergeet daarvan, die reuk kry jy buitendien nooit uit. Rasper Sunlight Wasgoedseep (die groen blokke) in die kas/sak waar jy dit bêre - niks meer stanke en hou alle ongediertes daar uit!

Vleis - gebrand

Gooi vars melk oor gebrande vleis om die brandsmaak te verminder.

Vlekke op mat

Sodawater of wit asyn haal gewoonlik hardnekkig vlekke soos rooiwijn en bloed uit mat uit.

Vlekvrye staal

Om messegoed van vlekvrige staal skoon te kry, maak die opwasbak in jou kombuis halfvol water, voeg 'n halwe koppie huishoudelike bleikmiddel daarin en week die messegoed 'n halfuur lank. Spoel deeglik af en vryf droog.

Vlermuise

- As jy 'n skerp lig in die dak installeer en aanskakel nadat hulle uitgevlieg het, sal die lig hulle pla as hulle wil terug invlieg.
- Naftaleen bolletjies (vismot gif) verdryf die vlermuise. Die belangrikste is om die gate waar hulle inkom toe te maak as hulle uit die dak is.

Vlieë

Vir lastige vlieë, gooi gewone asyn wat mens in kos gooi in klein bakkies of deksels en plaas dit op onooglike plekke bv bo-op yskas ens. Die suur reuk jaag die vlieë weg, al nadeel is dat dit vinnig verdamp (na 3 dae) maar bly nog steeds goedkoper as enige gifstowwe.

Vlooië

- Strooi Karbadust op die matte en laat dit vir 'n ruk voordat die matte gesuig word. Dit is veilig om ook die troeteldiere daarmee te poeier.
- Hierdie eenvoudige raat het los die probleem op. Was die honde met Sunlight seep in water waarin 2 proppies Dettol opgelos is. Spoel ook af met Dettol water.

Voorryt - vetterig

Was die ruit met Coke. Dit moet coke wees. Coke bevat Fosforsuur en die suur breek die vet af. Was dan die ruit daarna die soos gewoonlik.

Vratjies

- Neem 'n botteltjie Turlington. Hou die bek van die botteltjie oor die vratjie sodat hy mooi seël. Dop die botteltjie om sodat die Turlington oor die vratjie lê. Hou hom so 30 sekondes en dop die botteltjie weer terug. Doen dit soggens en saans vir omtrent so vier na vyf dae. Die vratjie sal so na 'n week en 'n half afval. Die raad werk regtig.
- 'n Ander raat wat baie beslis help vir vratjies is om Lennons se bruindulsies op die vrat te smeer. Doen dit 'n paar keer en hy's weg vir altyd. Die enigste probleem is dat die bruindulsies deesdae baie skaars is.
- Neem 'n stukkie suurlemoenskil wat die vratjie net-net toemaak, en laat dit week in swart asyn vir 24 uur, haal dan die stukkie uit en plaas die wit kant van die skil op die vratjie en bind dit toe vir 48 uur. Na 'n rukkie klop die vrat vreeslik, maar dit gaan ook oor. Sodra jy na 2 dae die storie afhaal, sal die vrat van die binnekant af swart word en afval.
- 'n Tekort aan vitamine A is soms die oorsaak van vratte. Vitamine A is toksies in groot hoeveelhede en die aanbevole hoeveelhede moet nie oorskry word nie. Dit kan soms tot 4 maande neem om te help. Dit spreek die oorsaak aan eerder as om net die vratjie te probeer verwyder.
- Lastige vratte? Wend 2 maal daagliks gewone terpentyn aan en laat droog word. Dit brand nie en na ± 2-3 weke is die vratte weg.
- Lennon se Witdulsies werk ook soos 'n bom.

Vrugtekoek

As jy 'n ryk vrugtekoek maak, voeg 'n koppie warm, sterk koffie in plaas van melk by om die kleur van die koek te verdonker en die geur te verbeter.

Warmfles

Wanneer warm vloeistof in 'n fles gegooi word, plaas 'n mes onder in die fles, dit voorkom dat dit bars.

Watte

Om watte te vermeerder, rol die watte af (dit word normaalweg in 'n rol verkoop), en sit stuk vir stuk in 'n 100 grade Celsius oond vir plus minus 'n halfuur. Die watte sal 2 - 3 maal sy grootte uitpof, en siedaar, maak baie van min!

Wintershande en voete

(Harde knoppies wat dan pynlik is)

- Probeer die aloe gel en daarna die heel balm oor (as handeroom) werk uitstekend!
- Traxa - te koop by apteke - werk wonder.
- EMULSIFYING OINTMENT BP. Dit ruik soos kar olie en is vetterig - kry dit by die Apteek.
- 'n Ou boereraat vir jou. As dit wit geryp is in die oggend moet jy kaalvoet in die ryp gaan loop en ook jou hande op die gras vee waar dit geryp is en alles sal oor gaan.
- Meng een klein Kamfer Room blikkie (die wit een) met 5 Grandpa poeiers. Smeer dit 3 keer 'n dag aan jou hande en voete.
- Probeer gerus Miracle Comfrey. Daar is nie 'n salf wat beter werk nie.
- Ek gebruik Circulation Formula van A. Vogel - homopatiëse druppeltjies wat jy in water drink.
- Smeer spiritus aan.
- 'n Boereraat van ouma gekry en dit werk. Gaan koop leë kapsules by 'n apteek en vul hulle met Cayenne Pepper, drink een daaglik.
- Gebruik Lennon se Witdulsies. Maak 'n wattetjie nat daarmee en smeer aan. Aanvanklik, vir party mense, is dit asof dit erger word in die eerste paar dae van gebruik. Gebruik dit vir 'n week of twee, somer so twee keer per dag. Wanneer jy dit aansmeer, jeuk dit vreeslik vir die eerste rukkie, maar dan kalmeer dit.
- Probeer melksalf of meng olyfolie en suiker en vryf goed in en spoel suiker af en droog liggies af en vryf die hande tot al die olie geabsorbeer is
- "Dubbin" skoer politoer help ook vir voete.
- Meng kers was met paraffien 50/50 en smeer soggens en saans aan. Dit help ook vir gebarste voete in warm weer wanneer sandale gedra word
- Laat jou dokter vir jou "paroven" pille voorskryf. Dit werk.

Wonde

- Bloeiende snywonde: 'n Ou oom se raat was dat jy peper daarop gooi, somer so 'n dik hoop van dit. Bloeding stop onmiddellik en geen gebrand nie.
- Brandwonde: As jy jouself gebrand het en jy het nie 'n room/salfie daarvoor nie, gryp 'n buisie tandepasta en smeer dit aan. Dit trek die brand somer gou uit.
- Rou wonde: Gesigwonde - redelike diep af geskuurde vel. Die dokter het die bekende Zambuk (sambok) salf gebruik en na 5 dae was net die rooi merke te sien.

Wyn - oorskiet

Moenie die bietjie wyn wat oorbly weggooi nie. Vries dit in blokkies en gebruik in disse en souse.

Yskasreuke

- Neem 'n halwe suurlemoen en skep van die binneste deel uit met 'n lepel. Daar moet bietjie suur-lemoen agterbly. Vul met sout en plaas in 'n bakkie agter in die vrieshokkie/yskas.
- Wat ook hiervoor gaan werk is om steenkool in die yskas te sit, of 'n paar houtskool blokkies. Maak eers jou yskas op die gewone manier skoon, en gooi 'n paar stukke steenkool daarin. Kleiner stukke werk vinniger.
- Gebruik twee snye swart geroosterde brood as jy nie steenkool het nie.
- Om stank te verdryf uit 'n vrieskas ens. Was dit goed met Handy Andy of iets soortgelyks en plaas 'n paar Swembad Chloorballetjie in 'n oop houër in die kas en maak die deur toe.
- Vir reuke in die yskas kan 'n deurgesnyde pynappel werk.
- Om die uiereuk uit jou plastiekbakkies te kry. Plaas die houër in die son vir 'n paar uur.